

# Sewe dae Skepping

Kom ons kyk na die veelbesproke skeppings week van VADER en SY Seun YAH. Ek gaan die verse oopmaak en deurgee wat ek uit 3 tot 4 verskillende Skrifte lees nl.: KJ, AMP, HNV en YLT.

Gen.1:1 "in die begin" " אֶל־הַיָּמִים = Skeppers"(VADER en Seun) בָּרָא = skep "hemel" en "aarde"

Gen.1:2 "die aarde was nog nie gevorm nie" "nog geen vorming of skepping nie" "תְּהוֹם = net donker diepte" Die "Gees van dié Skeppers" het oor die "modder massa" beweeg (*Ongevormde en daarom die diepte*).

Gen.1:3 en die Skeppers sê "laat daar 'n uitkoms / geboorte / begin wees" en daar was 'n begin(*enige taak moet daar verstaan word hoe om te begin*).

Gen.1:4 en die Skeppers sien die uitkoms dat dit goed was en Hulle skei die geboorte van die donker diepte(*die begin van skepping het begin ontstaan*).

Gen.1:5 en die Skeppers noem die geboorte begin, en die donker diepte geen begin(*of einde*)nie. En voor dié skepping tot na dié skepping was die eerste dag(*van dag een tot sewe is individuele skeppinge, dus voor skepping dag een tot sewe was daar nog nooit so iets geskape nie. Dag een en verder is uniek op sy eie en daarom sê dié Skeppers dat dit goed was*).

Gen.1:6 en die Skeppers sê, laat daar 'n spasio wees in die middel van die waters sodat daar 'n skeiding kan wees tussen waters uit waters.

Gen.1:7 en die Skeppers skep die spasio, en deel die waters, onderkant en bokant die spasio: en dit was so

Gen.1:8 en die Skeppers noem die oop spasio hemel. En voor dié skepping tot na dié skepping was die tweede dag.

Gen.1:9 en die Skeppers sê, laat die waters onder die hemel (*oop spasio*) bymekaar kom op een plek, en laat droëland na vore kom: en dit was so.

Gen.1:10 en die Skeppers noem die droëland aarde; en die samekoms van die waters noem hulle see: en die Skeppers sien dat dit goed was.

Gen.1:11 en die Skeppers sê, Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante(*kruie*)wat saad gee en vrugtebome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so.

Gen.1:12 Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en vrugtebome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. Toe sien die Skeppers dat dit goed was.

Gen.1:13 En voor dié skepping tot na dié skepping was die derde dag.

Gen.1:14 En die Skeppers het gesê: Laat daar ligte wees in die oop spasio van die hemele, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare.

Gen.1:15 Laat hulle ook dien as ligte aan die uitspansel van die hemel om lig te gee op die aarde. En dit was so.

Gen.1:16 en die Skeppers het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein ligte om te heers oor die nag; die sterre.

Gen.1:17 En die Skeppers het hulle aan die uitspansel van die hemele gestel om lig te gee op die aarde

Gen.1:18 en om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. Toe sien die Skeppers dat dit goed was.

Gen.1:19 En voor dié skepping tot na dié skepping was die vierde dag.

Gen.1:20 En die Skeppers het gesê: Laat die waters voortbring 'n oorvloed van bewegende lewende wesens, en voëls wat kan vlieg oor die aarde in die oop spasie van die hemel(*let op waters moet voort bring*).

Gen.1:21 En die Skeppers het die groot see en land diere geskape, en al die lewende wesens wat beweeg, waarvan die waters hulle in oorvloed voort gebring het, volgens hulle soorte; en al die gevleuelde voëls volgens hulle soorte. Toe sien die Skeppers dat dit goed was.

Gen.1:22 En die Skeppers het hulle geseën en gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder.

Gen 1:23 En voor dié skepping tot na dié skepping was die vyfde dag.

Gen 1:24 En die Skeppers het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en hardloop / springende diere van die aarde volgens hulle soorte. En dit was so.

Gen 1:25 En die Skeppers het die hardloop / springende diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. Toe sien die Skeppers dat dit goed was.

Gen 1:26 En die Skeppers het gesê: Laat Ons 'n Adam verwante spesie maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die kruipende goed wat op die aarde kruip.

Gen 1:27 En die Skeppers het die Adam verwante spesie geskape na Hulle beeld; na die beeld van die Skeppers het Hulle, hulle geskape; man en vrou het Hulle, hulle geskape.

Gen 1:28 En die Skeppers het hulle geseën, en die Skeppers het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip(*let op die opdrag, 'vermeerder' wat Adam nie ontvang het nie*).

Gen 1:29 Verder het die Skeppers gesê: Ons gee nou aan julle al die kruie plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.

Gen 1:30 En aan al die hardloop / springende diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, gee Hulle al die groen kruie plante as voedsel. En dit was so.

Gen 1:31 Toe sien die Skeppers alles wat Hulle gemaak het, en—dit was baie goed. En voor dié skepping tot na dié skepping was die sesde dag.

Gen 2:1 So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag.

Gen 2:2 En die Skeppers het op die sewende dag sy werk voltooi(*let op dat die Skeppers Hulle werk voltooi het op die sewende dag! Nie op die sesde dag nie, maar wel op die sewende dag*) wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het(*nadat Hulle klaar gemaak het met 'Adam' op die sewende dag*).

Gen 2:3 En die Skeppers het die sewende dag(*skepping / geskape*) geseën en hom(*Adam*)afgesonder, omdat Hy(YAH)daarop gerus het van al Sy werk wat die Skepper geskape het deur dit(*Adam*)te maak.

Die wat sien(les)en kan glo dat daar 'n VADER en 'n Seun was met die skepping moet ook glo dat daar net sewe dae van skepping was. Die wat die oerdier en oermens as gelyke wesens deurgee lees 'n ander skrif, want dit wat ek hierbo deurgee kan en mag dit nie so wees nie.

Dink net by jousef, YAH spreek en sê: Laat daar 'n aap voorkom en laat hy later 'n mens word(*soos ons lees het die aarde in die begin geen reëns gesien nie, maar tog kom die aap eers van 'n rots waarop dit gereën het en 'n miljoen jaar of wat, toe kruip daar 'n stuk slym af in die waters{van waar die waters ook al moet kom}en word 'n vis, waarvan die vis uit die waters gekruip het en 'n aap geword het*). Baie sê dat die swart Afrika wese 'n oerwese is wat net ontstaan het of wat uit iets ontstaan het! Lees weer wat YAH gesê het in Job 41:2 ...Wat onder die ganse hemel is, is myne. Dus as alles Syne is het niks ontstaan of evolueer nie. Dink net daaraan dat YAH gesê het na elke skepping dat dit is goed was! Die wat sê dat die swart wese van 'n aap of gorilla afkom vat YAH aan die gesig, want YAH het gepreek en dit was so, Hy het nie gesê dat dit so gaan word nie.

Slaan gerus die Skrif verse na en besef dat YAH met Sy geskepte diere mee werk: Gen.1:24,25; 7:14.; 9:5.; 31:39.; Ex.9:9.; 19:12,13.; 23:11.; Lev.20:15,16.; Deut.7:22.; Jes.18:6.; 30:6; 54:16; Jer.27:6.; Eseg.14:15.; 29:11.; Job.18:3; 24:14-30.; Jona.3:8.; Sag.8:10.; Judas.1:10

Gaan gerus na die webblad <http://www.mechon-mamre.org/p/pt/pt1049.htm> en gebruik <https://translate.google.com/#auto/en/%D7%A2%D6%B8%D7%A9%D7%82%D6%B4%D7%99%D7%AA> om jou te help in die vertaling.

Bedink al die dinge my vriend in YAHUSHA want die tyd is verby.